**BY GOD IS ELKEEN IN TEL**

Lukas 2:1 - 20
INLEIDING
Aan die Kinders: 5 voëls sit op 'n draad – skiet een – hoeveel bly oor?
Hoeveel mense in 'n taxi?
Belangrik dat ‘n mens kan TEL.
Hoe het ons nie die dae afge-TEL na Kersdag toe nie – (soveel slapies)
Statistiek/ syfers oor stand van christendom: 2,18 MILJ …
Die Kersverhaal het ook met ‘n TELLERY begin.

**1. ‘N ONTYDIGE SENSUS WAT BETYDS GEKOM HET**
Keiser Augustus het besluit sy mense moet weer ‘n slag getel word. Wat noem ons nou weer so ‘n volkstelling (vroeër vanjaar)?
Daarvoor nodig dat almal na hul GEBOORTEPLEKKE moes gaan. Dink nou maar as dit vandag nog so moes gewees het. Wie sou byvoorbeeld Vrystaat toe moes gaan … Natal …of oorsee?
Vir baie sou dit seker vreeslik lekker gewees het om so ‘n “re-unie” te gaan hou op hul tuisdorp (soos wat ons elke jaar ons Kersete op my vrou se tuisdorp gaan eet!) Vir die meeste sou dit ook seker maar baie ongerieflik gewees het – soos vir Josef en Maria destyds.
Die tellery het vir hulle op ‘n verskriklik **ongeleë tyd** gekom. Maria was hoog swanger en om dan op ‘n donkie se rug te moet ry was seker erg ongemaklik. Dalk het hulle so in die stilligheid gewonder: *“Here, waarom juis nou? U kon dinge mos anders gereël het, of die sensus of die swangerskap op ‘n meer geleë tyd laat plaasvind het?”* Mense is maar baie geneig om God se tydsberekening te bevraagteken, veral wanneer daar siekte of dood is. Dan sê ons soms goed soos: *“Ag, Here, sy was dan nog so jonk,” of: “Sy kinders het hom nog so nodig gehad!”*
By die keiser was daar egter geen genade nie: Josef en Maria MOES eenvoudig die donkie opsaal en van Nasaret af Betlehem toe gaan.
As ons VANDAG oor die gebeure terugkyk, sien ons dit natuurlik in ‘n HEEL ANDER LIG. Daar is veral twee dinge wat opval.

1.1 God gebruik selfs HEIDENSE GESAGSFIGURE om Sy plan uit te voer! Die profeet **Miga** het eeue vantevore al profeteer dat dat die verlosser in Betlehem gebore sou word (5:1). Maar Josef en Maria het in <u>Nasaret</u> gebly. Die uitroep van die volkstelling juis in DAARDIE TYD toe sy geboorte moes gee, het dus presies ingepas by God se plan.
Die keiser het dit natuurlik nie besef nie. God is dus by magte, vandag nog, om ook nie-christene vir sy doeleindes in te span - of hulle dit *weet* of nie en of hulle dit *wil* of nie. Daarom kan en moet ons **bid** dat

ons leiers instrumente in die hand van die Here sal wees - die christene <u>en</u> nie-christene.
Vir ons as Christene is dit natuurlik 'n **groot voorreg** om God se **medewerkers** te mag wees. Dit is *opwindend* om te weet ons is deel van 'n groot, goddelike plan. Dit gee *betekenis* aan ons lewe, maak dit die *moeitewerd*, *help* ons om teleurstellings te aanvaar. Ons weet: die teleurstelling sal ook op 'n manier kan meewerk tot die uitvoering van God se plan. Dit lei tot ons tweede opmerking:

1.2 Wanneer ons oor daardie gebeure met die "ontydige" sensus terugkyk, sien ons hoedat God die skynbaar negatiewe TEN GOEDE laat meewerk. Kerstyd gaan baie keer **met hartseer** en hartseer herinneringe gepaard, dinge wat ons ook mag laat wonder: *"Waarom, Here? Kon U dit nie anders gereël het nie?" "Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld,"* skryf Paulus, *" maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is ..."* (1 Kor 13) Wat nou vir ons as *ontydig* voorkom, mag dan blyk baie *tydig* en *betyds* te gewees het.

2. **GOD SE SOMME WERK REG UIT**
Ek het aan die begin gesê dat die Kersverhaal begin het by 'n tellery. Hierdie tellery het egter al l**ank voor** die keiser s'n begin. Jesus vertel mos die **gelykenis van die herder** wat sy skape tel en agterkom daar is 1 kort. Hy los die ander 99 en gaan soek daardie 1! Hy gee te veel vir daardie skaap om om hom te laat verlore gaan. God het vir **Adan en Eva** vermis toe hulle vir Hom gaan wegkruip het. Hy het vir **Abel** vermis nadat Kain hom doodgemaak het.

Ons wil almal **graag ge-"reken"** wees, nie waar nie. Dis nie lekker om te hoor: "Jy tel nie", of "Jou stem tel nie," of om "bo-tallig" verklaar te word nie. Kinders en jongmense doen soms die **vreemdste goed** om tog net in tel te wees by hulle portuurgroep. Dit raak van hul uiterlike voorkoms tot hul taalgebruik tot dinge soos dwelmgebruik! Party **bendes** het nommers – as jy daardie bende se nommer het, is jy IN TEL. Dis ook nie net jongmense wat hieraan skuldig is nie. Wat is **statussimbole** anders as 'n poging om IN TEL te wees?!
**Christene hoef** gelukkig nie sulke verspotte en gevaarlike pogings aan te wend nie! Ons weet immers dat niemand by die Here **botallig** is nie, en dit is al wat tel! Al is jy een uit 'n miljoen, by God is jy IN TEL (selfs jou hare)! Hy **mis** jou as jy van Hom wegdwaal. **Sommige Sondae** klink die lysie van verjaardae soos 'n lys van "vermiste persone"! Hy het sy **Seun gestuur** om jou en my terug te bring en sy Seun het sy lewe afgelê vir die skape.

Al het die Here dalk die afgelope tyd nie meer so baie *vir jou* getel nie, al was die Here baie dae *botallig* in jou program, *tel jy vir Hom* nog net soveel soos die dag toe Hy vir jou gesterf het!
Maar julle sal saamstem: **Belangriker as** dat ons voltallig in die eredienste en nagmale en as familie by die Kersete sal wees, is dat ons eendag VOLTALLIG in die hemel sal wees! Is daar dalk iets wat dit sal kan VERHINDER?
Gelukkig nie – die Here Jesus **belowe Hy sal self tel** en sorg dat nie een kort kom nie: *"En dit is die wil van Hom wat my gestuur het: dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie EEN verlore sal laat gaan nie, maar hulle ALMAL op die laaste dag uit die dood sal laat opstaan."*
In Openbaring word die syfer **144 000** genoem. Dit is nie letterlik bedoel asof dit die presiese getal mense is wat gered gaan word nie. Maar die simboliese betekenis daarvan is presies wat Jesus beloof het: Niemand wat daar moet wees, sal ontbreek nie. Almal wie se naam op die gastelys verskyn, *sal* daar wees.

**Sal JY ook** by daardie gelukkige groep **ingetel** wees? **Bespreek** vandag nog jou plek. DOEN wat Joh 3:16 en 18 sê: (lees)
Sien, jy hoef nie eers **verder as een** te kan tel nie, want: *"Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus wat Homself as losprys vir almal gegee het."* (1 Tim 2:5)

Dink dan ook in liefde aan die mense wat jy **nog mis** waar die Here aanbid en gedien word. Laat <u>ons</u> hulle nie mistel nie!

Stilte

Amen
Kersdag 2011